## 28 November | Jesaja 63:7-19

### *Die Vader leer sy kinders*

Die kerk is 'n huisgesin. God is ons Vader (Jes. 63:16), ons is sy kinders (vers 8) en daarom is ons ook mekaar se broeders en susters. Daar is seker min beskrywings so intiem aangrypend as die feit dat die Vader ons sy kinders noem. Sekere kinders raak ontnugter, veral oor hulle Vader. Is Hy werklik almagtig? Sommige kinders glo dat God hulle hemelse Vader is, maar twyfel of Hy almagtig is, ook in hulle lewe (vers 15). As God almagtig is, waarom laat hy sekere dinge toe in sy kinders se lewe? Natuurlik is die antwoord op die vraag nie maklik nie, maar tog kan sy kinders seker weet: Ons hemelse Vader is almagtig (Jes. 14:24). Daaroor bestaan geen twyfel nie. Hou in gedagte dat God Vader is en dat die taak van 'n vader tug of geestelike opvoeding is. Ons hemelse Vader is nie onverantwoordelik teenoor sy kinders nie en daarom laat die almagtige Vader soms dié dinge toe sodat ons iets daaruit kan leer. Daar is tye van pyn en lyding wat die almagtige Vader nie verhoed nie, nie omdat Hy nie omgee nie of omdat Hy dit nie kan wegvat nie, maar omdat Hy oordeel dat ons wyser en beter mense gaan wees as ons daardeur gaan. Luister mooi wat vra Heb. 12:5-6 van ons: "Verdra die tug as opvoeding, want God behandel julle as sy kinders". Dit is ware liefde van 'n almagtige Vader!

Sing: Psalm 65:5

Ds. A.L. Rheeder (Pietersburg)